

# Kategeet werkblad: 4 September 2011

---

## Teksgedeelte:

Handelinge 13:1-12

## Agtergrond:

Dis nie altyd so maklik om te weet na wie ons moet luister nie. In Handelinge 13 lees ons van 'n regeringsampenaar - Sergius Paulus - wat 'n besluit moet neem terwyl hy teenstrydige dinge by verskillende mense hoor. Aan die een kant is daar Paulus en Barnabas wat die goeie nuus van Jesus se verlossing aan hom verkondig, en aan die ander kant probeer die towenaar Elimas sy bes om vir Sergius te oortuig om nie vir hulle te luister nie, maar vir hom. Vir wie sal Sergius glo?

Dieselfde gebeur dikwels in ons lewens: daar is soveel verskillende stemme wat soveel verskillende goed se, en wat soveel verskillende goed van ons verwag, dat ons nie altyd herwaarts of derwaarts weet, of seker is wat ons te doen staan en na wie se raad ons moet luister nie.

Maar die onverwagse gebeur in ons storie: Elimas word blind. Hy wat daarop aanspraak gemaak het dat hy insig gehad het, het nou skielik ander mense nodig om hom aan die hand te lei. In daardie tyd het die mense geglo dat 'n mens kan sien omdat daar van binne jou af 'n lig na buite straal wat die wêreld verlig en maak dat jy kan sien. So as Elimas nie meer kan sien nie, dan is dit vir hulle omdat daar duisternis binne-in hom gekom het. Sy hart is nie meer verlig nie, en daarom het alles vir hom donker geword. Die teks sinspeel dus daarop dat Elimas se fisiese blindheid maar net 'n uiterlike manifestasie van sy geestelike blindheid is: hy het nie insig nie.

Die teks vertel dat Sergius op hierdie stadium reeds deur die leer van die Here aangeraak is, en toe hy sien wat voor hom gebeur, is daar geen twyfel meer oor wie hy moet glo nie. Hy kan duidelik sien dat Elimas nie die waarheid gepraat het nie. Hoe kan Elimas per slot van rekening weet wat die waarheid is as daar duisternis in sy hart is? Hoekom sal hy hom deur 'n blinde laat lei? Daarom luister hy na Paulus en Barnabas en word gelowig.

Ons is ook nie altyd seker watter opinies ons moet glo en na wie se raad ons moet luister nie. Dit lyk of wysheid baie belangrik is in hierdie proses, asook sensitiwiteit vir die leiding van die Here. Ons kan ons daarop toelê om ons ore gedurig te spits vir die verskillende maniere waarop die Here ons wil lei. Dit is ook belangrik om insig na te jaag - ons teks te per slot van rekening dat Sergius 'n verstandige man was. Daardie soort wysheid ontwikkel nie oornag nie, maar groei soos wat ons dag vir dag naby aan die Here lewe en probeer onderskei wat sy wil is in elke situasie.

## Verwagte uitkoms:

Ons luister na verskillende mense en tree gevolglik op verskillende maniere op. Hierdie optrede bepaal die uitkoms van ons keuses.

## Aksie:

'n Doolhof word gespan in die binnehof van die kerkterrein. Hierdie doolfhof het verskillende punte waar die kinders keuses moet uitoefen. Kategete word op hierdie punte geplaas om die keuses aan hulle te stel. Hierdie keuses sal bepaal of hulle aan die einde van die doolfhof kom of nie. Die keuses, links of regs, bly ek hier of gaan ek voort bepaal die uitkoms, kry hulle lekkergoed? 'n Lepel sout? Bereik hulle die einde?

Benodighede:

- Kategete wat die verskillende punte kan beman (of bevrou)
- Blinddoeke vir elke kind (bring saam asb.!)
- Lekkergoed (Sal verskaf word)
- Sout of Koffie (Sal verskaf word)
- Tou (Sal verskaf word)

## Reviewing:

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as 'n riglyn om by bg. verwagte uitkoms uit te kom. Jy kan ook jou eie vrae gebruik. Gedeeltes in [hakkies] dui voorbeeld antwoorde aan, dit is in volwasse taal geskryf en kan nie net so aan kinders oorgedra word nie – jy moet dit jou eie maak!

## Diamant vrae:

- Wat het bepaal of jy 'n lekker/lepel sout gaan kry?

## Hart vrae:

- Wie was bly oor die keuse wat hy gemaak het?
- Wie was ongelukkig oor die keuse wat hy gemaak het?
- Wanneer het jy vantevore gevoel soos wat jy in hierdie speletjie gevoel het?

## Skoppens vrae:

- Maak 'n lys van mense/dinge na wie ons almal luister [dit kan die media, musiek en fliëks insluit].
- Hoe luister ons na wat God wil hê ons moet doen?
- Watter invloed het ons keuses op die mense om ons?

## Klawers vraag:

- Watter ander maniere behalwe in die Bybel en by die kerk (preke) is God se stem hoorbaar?
- Hoe maak mens goeie keuses?